GEDIG VOORDRAG KOMPETISIE.

2024

NUKLEUS KULTUUR

GRAAD 2 GEDIGTE:

DIE VIS

Ek is ‘n wilde, woeste haai
wat jakker in ‘n vreemde baai.
Ek flits deur water diep en blou
om snoek te vang en kabeljou.

O, ek is ‘n woeste vis.
Hul koes maar as ek honger is.
Hul’s bang vir my; ek swem so gou.
Ek spoor hul op en vreet hul rou.

Ek dartel oral heen en weer,
die branders slinger op en neer.
Hul breek in skuim, ek duik weer in,
bo sien hul net my skerpe vin.

Nou gly ek oor die diep seesand;
maar ag, daar’s Ma weer buitekant!
“Spat jy al weer die vloere nat?
Karools, klim dadelik uit die bad!”

Marie Niemeyer

TOETSKOORS

Een môre – wanneer was dit tog –
o ja, toe ons die toets sou skryf,
dié oggend voel ek sommer siek
met pyne in my kop en lyf.

My ma het aan my kop gevoel
en toe gesê: “Ja-nee, ou Doors,
ek moet bepaald die dokter kry
want jy’t sowaar ‘n hoë koors.”

Die dokter het my ondesoek,
my longe, ore, en my keel.
Toe knik hy met sy kop vir Ma:
“Mevrou, ek dink ek weet wat skeel.”

Hy neem sy spuit en trek dit vol,
en toe raak ek opreg benoud.
Hy trek die lakens weg en sê:
“Vir skoolsiek – een in elke boud!”

Piet Swanepoel

OOM JAKKALAAS

Oom Jakkalaas, die slimme dier,
drafstap deur die Katrivier,
toe klink daar, droewig, ‘n geluid:
dis die boer wat vir sy honde fluit.

Oom Jakkalaas draf ‘n rant verby,
Oom Jakkalaas trek sy stert opsy;
hy’t ‘n perdevel-hoed en ‘n wildekat-jas,
en styf om sy nek hang ‘n muishond-das.

Oom Jakkalaas vlug, Oom Jakkalaas draai,
en die honde die byt dat die hare so waai,
maar iewers daarbo in die doringbos
het Hond en sy maat die ou-oom gelos.

Die kinders die skree: “Oom Jakkalas is dood!
Vanaand gaan ons hom in die kleinpotjie kook.”
Maar Oom Jakkalaas draf waar die heuningvoël fluit,
en met die gefluit is my storietjie uit.

Anoniem